Maandag **20 Mei**

**Skrifgedeelte: Jesaja 24:1-23**

**Fokusgedeelte: Jesaja 24:16, 23**

**Die Voleindingsdag – vir die wêreld ’n verwoestende eindoordeel, maar vir die gelowige ’n lofgesang!**

Ses feesdae: *Kersfees, Goeie Vrydag, Opstandingsondag, Hemelvaart, Pinkster* en tans die fees van afwagting op die *Wederkoms*! Dis tegelykertyd Voleindingsdag, Oordeelsdag oor die lewendes en dooies.

Sondag 19 (HK) vertel wat ons in gedagte moet hou: ’n gespanne verwagting. Christus kom as Regter uit die hemel. Hy het Homself in my plek voor God se regbank gestel. Alle vervloeking is van my weggeneem. Al God se vyande word in die ewige verdoemenis gewerp. Die uitverkorenes word na Hom geneem in die hemelse blydskap!

Jesaja 24 is ’n profesie wat na die ballingskap én voleindingsdag heenwys. ’n Profesie is ’n *vermaning* oor verkeerde dade; ’n *waarskuwing* daarby dat God heilig is en Hy duld geen ongehoorsaamheid nie. Die HERE se *oordeel* kom. Maar dis ook ’n boodskap van *troos vir die gelowige*: die HERE sal uitred as hulle getrou bly. Die profesie se *diepere dimensie* wys heen na die volmaakte Verlosser wat God sou stuur.

Jesaja 24:1 begin met die eindoordeel: ’n groot verwoesting kom. Die hemel en aarde gaan weer in ’n toestand wees soos dit in Genesis 1 was, naamlik woes en leeg. *Almal* treur. Weg is die vreugde. Niemand gaan ontkom nie! Selfs die engele gáán swaarkry (24:2, 21). Die HERE gaan hierdie dinge doen, want (24:5) sy heiligheid is gekrenk. Sy verbond verbreek.

*Maar troos vir die gelowige*: ’n oorblyfsel gaan oorbly op wie “ag gegee gaan word”. Te midde van al die verwoestende strawwe van God gáán die gelowige *steeds juig* vanweë sy majesteit.

Jesaja 24:23 is die keersy van God se voleindingsdag. Die Wederkomsdag van Christus is die Verlossingsdag. Christus sal op Sionsberg as Koning heers. Die son en maan sal verdof wees in sy heerlike glansverskyning. Die gelowige sal hulle verheug. Teenoor die donker angswekkende nag staan die ligstraal van God waarbinne die gelowige genadiglik staan!

Deur die bloed van Jesus sal Hy ons só beskerm dat niks ons van Hom en van sy liefde kan skei nie. Vir die wêreld is die Wederkomsdag ’n verwoestende eindoordeel, maar vir jóú is dit ’n lofgesang!

*Sing: Psalm 145-1:5, 10, 11*

*Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus)*